Die Voortrekkers

12 Oktober 2018

Geagte Lede van die Hoofbestuur

Soos u weet het ons op die afgelope Hoofbestuursvergadering die besluit goedgekeur dat die jaar-einddatums van al die Voortrekkerinstellings verander word na 31 Desember van elke jaar. Ons was onder die indruk dat ons nie die datum kan verander binne-in 'n bepaalde finansiële jaar nie, maar ons Ouditeure het ons meegedeel dat ons wel reeds vanjaar die jaareinddatum kan verskuif vanaf 31 Oktober tot 31 Desember 2018.

Die Hoofdagbestuur, wat namens die Hoofbestuur optree tussen vergaderings, het eenparig aanbeveel dat ons reeds vanjaar die jaareinddatums verander, aangesien daar geen rede is om te wag tot einde 2019 nie.

Ek bevestig dus hiermee dat alle Voortrekkerinstellings op alle vlakke se jaareinddatums verander vanaf 31 Oktober na 31 Desember, met ingang 2018.

Geliewe die inligting aan alle Gebiedsbesture te kommunikeer.

Met vriendelike groete

Jan van Heerden
AHL Finansies

POSBUS 12015
QUEENSWOOD
0121

012 - 329 6011
086 613 9913
hkvoort@iafrica.com
www.houkoers.co.za

PIERNEEFSTRAAT 901
VILLIERIA
0186

Hoofleier Danie Langner, Hoofsekretaris Corlia Botha,
Adjunkhoofleiers: Jan van Heerden, Karin Stoffberg,
Johan Laubscher, Elizma Smith